**16 November**

**Skrifgedeelte: Handelinge 17:1-15**
**Fokusgedeelte: Handelinge 17:1-15**

**Die evangelie veroorsaak ’n opskudding**

Nou verkondig Paulus-hulle die evangelie in Tessalonika en Berea … en weer kom daar opskuddings! Hoewel die heidene ook soms teenstand bied, is dit veral die Jode wat in opstand kom teen Paulus en die evangelie. Dit verplig hom om verder te gaan. Paulus word as’t ware ’n voortvlugtende en word telkens gearresteer, maar so bewerk die Heilige Gees dat die evangelie in die kortste moontlike tyd in Europa versprei.

Vandag nog is dringendheid nodig in die uitdra van die evangelie, want na berekening het bykans 25% (dit is 1 300 miljoen mense) van die wêreld se bevolking nog nie die evangelie gehoor nie. Verwek ons nog opskudding met die evangelie? Of is die vuur tydelik en plaaslik gedoof en smeul dit nog net so ’n bietjie?

In Paulus se prediking word die hart van die evangelie na vore gebring. Hy wil die Jode oortuig dat die Skrif in Jesus Christus vervul word (vs 2-3, 11). Volgens die Skrif (= Ou Testament) was dit God se plan dat die Messias sou ly en uit die dood opstaan. Hierdie plan is in Jesus vervul. Hy is Koning. Dit is ook die bewys dat Hy God se guns wegdra. God het Jesus as Here en Koning aangestel. Voor Hom moet almal buig. Wie Hom as Koning gehoorsaam, is ook aktief besig om sy Woord uit te dra.

Ons moet die smeulende vuur brandend hou! Verstaan ons ons roeping, op elke terrein van die lewe?

*Sing: Psalm 98:1*

*Prof. F Denkema (Emeritus)*